Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

# Staatskoerant

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY – POST FREE

VOL. XI.] KAAPSTAD, 28 FEBRUARIE 1964. CAPE TOWN, 28TH FEBRUARY, 1964. [No. 734.

## DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 288.] [28 Februarie 1964.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wette wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY

No. 8 van 1964: Wysigingswet op die Ontwikkeling van die Visnywerheid, 1964 .. 2
No. 9 van 1964: Wysigingswet op Seevisserye, 1964 4
No. 10 van 1964: Wysigingswet op Elektrisiteit, 1964 6
No. 11 van 1964: Huwelikswysigingswet, 1964 .. 10
No. 12 van 1964: Argief-wysigingswet, 1964 .. .. 12
No. 13 van 1964: Wysigingswet op die Universiteit van Suid-Afrika, 1964 .. .. 14

## DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 288.] [28th February, 1964.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Acts which are hereby published for general information:—

PAGE

No. 8 of 1964: Fishing Industry Development Amendment Act, 1964 .. .. 3
No. 9 of 1964: Sea Fisheries Amendment Act, 1964 5
No. 10 of 1964: Electricity Amendment Act, 1964 7
No. 11 of 1964: Marriage Amendment Act, 1964 .. 11
No. 12 of 1964: Archives Amendment Act, 1964 .. 13
No. 13 of 1964: University of South Africa Amendment Act, 1964 .. .. .. 15

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 8, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 7 van Wet 44 van 1944, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 25 van 1950.

**1.** Artikel *sewe* van die Visnywerheid-ontwikkelingswet, 1944 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die woord „Unieburger" deur die woorde „Suid-Afrikaanse burger" te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 44 van 1944.

**2.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-artikel (1) deur die volgende sub-artikel te vervang:

„(1) Behoudens die bepalings van die regulasies, beklee 'n direkteur sy amp vir die termyn, maar hoogstens drie jaar, wat—

(*a*) indien hy deur die Staatspresident aangestel is, die Staatspresident by sy aanstelling bepaal het; of

(*b*) indien hy deur aandeelhouers verkies is, die betrokke aandeelhouers by sy verkiesing bepaal het:

Met dien verstande dat die Staatspresident die ampstermyn van 'n direkteur, hetsy aangestel of verkies, wat as besturende direkteur aangestel is, vir enige tydperk kan verleng, mits sodanige tydperk verstryk op 'n datum wat nie later is nie as die datum van verstryking van vyf jaar vanaf sy aanstelling as besturende direkteur.".

Wysiging van artikel 34 van Wet 44 van 1944.

**3.** Artikel *vier-en-dertig* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) die woord „Magistraatshof" deur die woord „Landdroshof" te vervang.

Vervanging van sekere uitdrukkings in Wet 44 van 1944.

**4.** Die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Unie", oral waar dit voorkom, deur die woord „Republiek", en die woord „Goewerneur-generaal", oral waar dit voorkom, deur die woord „Staatspresident" te vervang.

Kort titel.

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Ontwikkeling van die Visnywerheid, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 8, 1964.]

# ACT

**To amend the Fishing Industry Development Act, 1944.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 18th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 7 of Act 44 of 1944, as amended by section 3 of Act 25 of 1950.

**1.** Section *seven* of the Fishing Industry Development Act, 1944 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the words "Union national" of the words "South African citizen."

Amendment of section 8 of Act 44 of 1944.

**2.** Section *eight* of the principal Act is hereby amended by the substitution for sub-section (1) of the following sub-section:

"(1) A director shall, subject to the provisions of the regulations, hold office for such period, not exceeding three years as—

(*a*) the State President determined at the time of his appointment, if he was appointed by the State President; or

(*b*) the shareholders in question determined at the time of his election, if he was elected by shareholders:

Provided that the State President may extend the period of office of a director, whether appointed or elected, who has been appointed as managing director, for any period, provided such period expires on a date not later than the date of expiration of five years from his appointment as managing director.".

Amendment of section 34 of Act 44 of 1944.

**3.** Section *thirty-four* of the principal Act is hereby amended by the substitution in the Afrikaans version of sub-section (1) for the word "Magistraatshof" of the word "Landdroshof".

Substitution of certain expressions in Act 44 of 1944.

**4.** The principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Union", wherever it occurs, of the word "Republic", and for the word "Governor-General", wherever it occurs, of the words "State President".

Short title.

**5.** This Act shall be called the Fishing Industry Development Amendment Act, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 9, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Seevisserye, 1940.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 2 van Wet 10 van 1940.

**1.** (1) Artikel *twee* van die Wet op Seevisserye, 1940, word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aanstelling van beamptes.

**2.** Die Minister kan die ere-beamptes en, met inagneming van die wette betreffende die Staatsdiens, die ander beamptes aanstel wat hy vir die uitvoering van enige bepaling van hierdie Wet nodig ag.".

(2) Sub-artikel (1) word geag op 10 April 1940 in werking te getree het.

Kort titel.

**2.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Seevisserye, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 9, 1964.]

# ACT

**To amend the Sea Fisheries Act, 1940.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution of section 2 of Act 10 of 1940.

**1.** (1) The following section is hereby substituted for section *two* of the Sea Fisheries Act, 1940:

"Appointment of officers.

**2.** The Minister may appoint such honorary officers and, subject to the laws relating to the public service, such other officers as he may deem necessary for carrying out any provision of this Act.".

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the 10th day of April, 1940.

Short title.

**2.** This Act shall be called the Sea Fisheries Amendment Act, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 10, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Elektrisiteitswet, 1958.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 40 van 1958.

**1.** Artikel *een* van die Elektrisiteitswet, 1958 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na die omskrywing van „kommissie" die volgende omskrywing in te voeg:

„,korporasie' die in artikel *twee* van die Nywerheid-ontwikkelingswet, 1940 (Wet No. 22 van 1940), bedoelde Nywerheid-ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika, Beperk;".

Invoeging van artikel 4*bis* in Wet 40 van 1958.

**2.** Die volgende artikel word hierby na artikel *vier* in die Hoofwet ingevoeg:

„Voorsiening van elektrisiteit by punte op die grense van die Republiek vir gebruik in aangrensende gebiede.

**4*bis*.** (1) Benewens die bevoegdhede wat by artikel *vier* aan die kommissie verleen is, het hy ook die bevoegdheid—

(*a*) om van enige van sy ondernemings elektrisiteit in groot maat te voorsien—

(i) aan die korporasie by enige punt op die grens tussen die Republiek en die gebied Suidwes-Afrika, vir sy eie gebruik in genoemde gebied of ten einde dit vir ander vir gebruik daarin beskikbaar te stel; of

(ii) aan enige ander persoon (met inbegrip van enige regering of administrasie) by enige punt op die grens tussen die Republiek en enige gebied wat daaraan grens, vir gebruik deur daardie persoon in sodanige gebied of ten einde dit vir ander vir gebruik daarin beskikbaar te stel.

(*b*) om in enige gebied buite die Republiek as agent van die korporasie op te tree met betrekking tot enigiets wat die korporasie in sodanige gebied kan doen in verband met die ontwikkeling, voorsiening of distribusie van elektrisiteit.

(2) (*a*) Behoudens die bepalings van paragraaf (*b*) is die bepalings van hierdie Wet, vir sover hulle toegepas kan word, *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die voorsiening van elektrisiteit ingevolge paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) by enige punt op die grense van die Republiek asof sodanige punt 'n gebied binne die Republiek is en asof enige elektrisiteit wat aldus voorsien word vir gebruik in so 'n gebied bestem is.

(*b*) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, is die bedinge en voorwaardes waarop elektrisiteit ingevolge sub-paragraaf (ii) van paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) deur die kommissie voorsien kan word, dié waarop onderling deur die kommissie en die persoon wat voorsien gaan word, ooreengekom en deur die Minister goedgekeur word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 10, 1964.]

# ACT

**To amend the Electricity Act, 1958.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 40 of 1958.

**1.** Section *one* of the Electricity Act, 1958 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after the definition of "consumer" of the following definition:

" 'corporation' means the Industrial Development Corporation of South Africa, Limited, referred to in section *two* of the Industrial Development Act, 1940 (Act No. 22 of 1940);".

Insertion of section 4*bis* in Act 40 of 1958.

**2.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section *four:*

"Supply of electricity at points on borders of the Republic for use in adjoining territories.

**4***bis*. (1) The commission shall, in addition to the powers conferred upon it by section *four*, have power—

(*a*) to supply electricity in bulk from any of its undertakings—

(i) to the corporation at any point on the border between the Republic and the territory of South-West Africa, for use by itself in the said territory or for the purpose of making it available to others for use therein; or

(ii) to any other person (including any government or administration) at any point on the border between the Republic and any territory adjoining it, for use by that person in such territory or for the purpose of making it available to others for use therein.

(*b*) to act as the agent of the corporation in any territory outside the Republic in regard to anything which the corporation may do in such territory in connection with the generation, supply or distribution of electricity.

(2) (*a*) Subject to the provisions of paragraph (*b*) the provisions of this Act shall, in so far as they can be applied, apply *mutatis mutandis* in connection with the supply of electricity in terms of paragraph (*a*) of sub-section (1) at any point on the borders of the Republic as if such point were an area within the Republic and as if any electricity so supplied were intended for use in such an area.

(*b*) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained, the terms and conditions on which electricity may be supplied by the commission in terms of sub-paragraph (ii) of paragraph (*a*) of sub-section (1) shall be such as may be mutually agreed upon between the commission and the person to be supplied and approved by the Minister.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) Wanneer hy as die agent van die korporasie optree ingevolge paragraaf (*b*) van sub-artikel (1), het die kommissie in enige in genoemde paragraaf bedoelde gebied al die bevoegdhede met betrekking tot die ontwikkeling, voorsiening of distribusie van elektrisiteit as wat die korporasie in verband daarmee in sodanige gebied het en vir daardie doel word enige verwysing na die korporasie in enige wet aangaande die bevoegdhede, pligte en werksaamhede van die korporasie uitgelê as 'n verwysing na die kommissie.".

Wysiging van paragraaf 13 van die Eerste Bylae by Wet 40 van 1958.

**3.** Die Eerste Bylae by die Hoofwet word hierby gewysig deur in item (*a*) van sub-paragraaf (1) van paragraaf *dertien* die woord „Unie-regering" deur die woord „Regering" te vervang.

Vervanging in Wet 40 van 1958 van die woorde „Unie" en „Goewerneur-generaal" deur onderskeidelik die woorde „Republiek" en „Staatspresident".

**4.** Behoudens die voorgaande bepalings van hierdie Wet, word die Hoofwet hierby gewysig deur die woord „Unie", oral waar dit voorkom, deur die woord „Republiek" en die woord „Goewerneur-generaal", oral waar dit voorkom, deur die woord „Staatspresident" te vervang.

Kort titel en inwerkingtreding.

**5.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Elektrisiteit, 1964, en tree in werking op 'n datum wat deur die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal word.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(3) When acting as the agent of the corporation in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1), the commission shall have, in any territory referred to in the said paragraph, all such powers in regard to the generation, supply or distribution of electricity as the corporation has in connection therewith in such territory and for that purpose any reference to the corporation in any law relating to the powers, duties and functions of the corporation shall be construed as a reference to the commission.".

Amendment of paragraph 13 of First Schedule to Act 40 of 1958.

**3.** The First Schedule to the principal Act is hereby amended by the deletion in item (*a*) of sub-paragraph (1) of paragraph *thirteen* of the words "of the Union".

Substitution in Act 40 of 1958 for the words "Union" and "Governor-General" of the words "Republic" and "State President", respectively.

**4.** Subject to the preceding provisions of this Act, the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Union", wherever it occurs, of the word "Republic" and for the word "Governor-General", wherever it occurs, of the words "State President".

Short title and commencement.

**5.** This Act shall be called the Electricity Amendment Act, 1964, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 11, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Huwelikswet, 1961.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 12 van Wet 25 van 1961.

**1.** (1) Artikel *twaalf* van die Huwelikswet, 1961, (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) na die woord „behoort" die woorde „of waar hy of sy volgens die oordeel van die leraar van die betrokke gemeente of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger gewoonlik godsdiens-oefeninge bywoon".

(2) By 'n beslissing oor die geldigheid van 'n huwelik wat na die inwerkingtreding van die Huwelikswet, 1961, voltrek en nie voor die inwerkingtreding van hierdie Wet deur 'n bevoegde hof ongeldig verklaar is nie, word artikel *twaalf* van bedoelde Wet uitgelê asof sub-artikel (1) van hierdie artikel op die datum van voltrekking van daardie huwelik en op alle ter sake dienende tye voor daardie datum van krag was.

Wysiging van artikel 15 van Wet 25 van 1961.

**2.** Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in sub-artikel (1) na die woord „is" waar dit die eerste maal voorkom die woorde „of sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger" in te voeg.

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Huwelikswysigingswet, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 11, 1964.]

# ACT

**To amend the Marriage Act, 1961.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 18th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 12 of Act 25 of 1961.

**1.** (1) Section *twelve* of the Marriage Act, 1961, is hereby amended by the insertion in paragraph (*a*) after the word "belongs" of the words "or where in the opinion of the minister of religion of the congregation in question or his duly authorized substitute he or she usually attends divine service".

(2) In deciding on the validity of any marriage solemnized after the commencement of the Marriage Act, 1961, which has not before the commencement of this section been declared invalid by a competent court, section *twelve* of the said Act shall be construed as if sub-section (1) of this section was in force on the date on which such marriage was solemnized and had been in force at all relevant times prior to that date.

Amendment of section 15 of Act 25 of 1961.

**2.** Section *fifteen* of the Marriage Act, 1961, is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the word "published" where it occurs for the first time of the words "or his duly authorized representative".

Short title.

**3.** This Act shall be called the Marriage Amendment Act, 1964.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. 12, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Argiefwet, 1962.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 6 van 1962.

**1.** Artikel *een* van die Argiefwet, 1962 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

(*a*) deur in die omskrywing van „argiewe" die woorde „ander wet" deur die woorde „ander Parlementswet" te vervang; en

(*b*) deur in die omskrywing van „regulasies" die woorde „of van krag ingevolge sub-artikel (2) van artikel *veertien*" te skrap.

Wysiging van artikel 4 van Wet 6 van 1962.

**2.** Artikel *vier* van die Hoofwet word hierby gewysig deur na sub-artikel (2) die volgende sub-artikel in te voeg:

„(2)*bis* Die Minister wys een van die lede as voorsitter van die kommissie aan.".

Wysiging van artikel 6 van Wet 6 van 1962.

**3.** Artikel *ses* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „wet" deur die woord „Parlementswet" te vervang.

Wysiging van artikel 7 van Wet 6 van 1962.

**4.** Artikel *sewe* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende sub-artikel by te voeg:

„(3) (*a*) Enige persoon wat in verband met die voortbrenging van enige skriftelike stuk gebruik gemaak het van enige argiewe of aanwinste, moet, indien sodanige skriftelike stuk gepubliseer of gedupliseer is, op versoek van die direkteur hom gratis van 'n afskrif daarvan voorsien.

(*b*) Enige afskrif ingevolge paragraaf (*a*) voorsien, word in die argiefbewaarplek wat die direkteur bepaal, geplaas.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 6 van 1962.

**5.** Artikel *nege* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (6) al die woorde na die woord „argiewe", waar dit die eerste maal voorkom, te vervang deur die woorde „na goeddunke, maar onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet—

(*a*) enige persoon kan magtig om toegang tot daardie argiewe te hê as sodanige toegang nodig is in verband met enige aangeleentheid waarmee gehandel word deur die betrokke kantoor in die loop van die bestuur van sy sake;

(*b*) enige persoon in die betrokke kantoor kan magtig om toegang tot daardie argiewe te hê vir navorsingsdoeleindes".

Wysiging van artikel 11 van Wet 6 van 1962.

**6.** Artikel *elf* van die Hoofwet word hierby gewysig deur na paragraaf (*e*) van sub-artikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

„(*e*)*bis* die wyse waarop argiewe en aanwinste gehanteer moet word deur persone wat van hulle gebruik maak;".

Wysiging van artikel 14 van Wet 6 van 1962.

**7.** Artikel *veertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur sub-artikel (2) te skrap.

Wysiging van artikel 15 van Wet 6 van 1962.

**8.** (1) Artikel *vyftien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur na die woord „Wet" die woorde „en enige wysiging daarvan," in te voeg.

(2) Sub-artikel (1) word geag in werking te getree het op die datum waarop die Hoofwet in werking getree het.

Kort titel.

**9.** Hierdie Wet heet die Argief-wysigingswet, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 12, 1964.]

# ACT

**To amend the Archives Act, 1962.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 6 of 1962.

**1.** Section *one* of the Archives Act, 1962 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(*a*) by the substitution in the definition of "archives" for the word "law" of the words "Act of Parliament"; and

(*b*) by the deletion in the definition of "regulations" of the words "or in force in terms of sub-section (2) of section *fourteen*".

Amendment of section 4 of Act 6 of 1962.

**2.** Section *four* of the principal Act is hereby amended by the insertion after sub-section (2) of the following sub-section:

"(2)*bis* The Minister shall designate one of the members as chairman of the commission.".

Amendment of section 6 of Act 6 of 1962.

**3.** Section *six* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "law" of the words "Act of Parliament".

Amendment of section 7 of Act 6 of 1962.

**4.** Section *seven* of the principal Act is hereby amended by the addition of the following sub-section:

"(3) (*a*) Any person who in connection with the production of any written matter has made use of any archives or accessions, shall, if such written matter has been published or duplicated, at the request of the director furnish him with a copy thereof free of charge.

(*b*) Any copy furnished in terms of paragraph (*a*) shall be deposited in the archives depot determined by the director.".

Amendment of section 9 of Act 6 of 1962.

**5.** Section *nine* of the principal Act is hereby amended by the substitution in the proviso to sub-section (6) for all the words after the word "may" of the words "in his discretion, but subject to the provisions of this Act and any other law, authorize—

(*a*) any person to have access to such archives if such access is required in connection with any matter dealt with by the office in question during the conduct of its affairs;

(*b*) any person employed in the office in question to have access to such archives for the purposes of research".

Amendment of section 11 of Act 6 of 1962.

**6.** Section *eleven* of the principal Act is hereby amended by the insertion after paragraph (*e*) of sub-section (1) of the following paragraph:

"(*e*)*bis* the manner in which archives and accessions shall be handled by persons making use of them;".

Amendment of section 14 of Act 6 of 1962.

**7.** Section *fourteen* of the principal Act is hereby amended by the deletion of sub-section (2).

Amendment of section 15 of Act 6 of 1962.

**8.** (1) Section *fifteen* of the principal Act is hereby amended by the insertion after the word "Act" of the words "and any amendment thereof,".

(2) Sub-section (1) shall be deemed to have come into operation on the date of commencement of the principal Act.

Short title.

**9.** This Act shall be called the Archives Amendment Act, 1964.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 13, 1964.]

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Universiteit van Suid-Afrika, 1959.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 18 *Februarie* 1964.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 5 van Wet 19 van 1959.

**1.** Artikel *vyf* van die Wet op die Universiteit van Suid-Afrika, 1959 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur in sub-artikel (2) die woord „Goewerneur-generaal", oral waar dit voorkom, deur die woord „Staatspresident" te vervang.

Wysiging van artikel 8 van Wet 19 van 1959.

**2.** Artikel *agt* van die Hoofwet word hierby gewysig—

(*a*) deur in paragraaf (*a*) van sub-artikel (1) die woord „Goewerneur-generaal" deur die woord „Staatspresident" te vervang;

(*b*) deur in paragraaf (*c*) van genoemde sub-artikel die woord „Unie" deur die woord „Republiek" te vervang;

(*c*) deur aan die end van paragraaf (*d*) van genoemde sub-artikel die woord „en" te skrap;

(*d*) deur na paragraaf (*d*) van genoemde sub-artikel die volgende paragrawe in te voeg:

„(*d*)*bis* twee persone deur die Stadsraad van Pretoria aangestel;

(*d*)*ter* twee persone om die donateurs, soos in die statute omskryf, te verteenwoordig, wat deur die ander lede van die raad of 'n meerderheid van hulle aangestel word op 'n vergadering wat deur die voorsitter van die raad belê moet word; en";

(*e*) deur in paragraaf (*e*) van genoemde sub-artikel die woord „Goewerneur-generaal" deur die woord „Staatspresident" te vervang; en

(*f*) deur in sub-artikel (2) na die woord „aangestel", waar dit die tweede maal voorkom, die woorde „of 'n lid van die raad ingevolge paragraaf (*d*)*bis* of (*d*)*ter* van genoemde sub-artikel aangestel" in te voeg.

Wysiging van artikel 9 van Wet 19 van 1959.

**3.** Artikel *nege* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (*e*) en in paragraaf (*f*) van sub-artikel (1) die woord „Unie" deur die woord „Republiek" te vervang.

Wysiging van artikel 13 van Wet 19 van 1959.

**4.** Artikel *dertien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur in paragraaf (*a*) die woord „Unie" deur die woord „Republiek" te vervang.

Wysiging van artikel 19 van Wet 19 van 1959.

**5.** Artikel *negentien* van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „Goewerneur-generaal" deur die woord „Staatspresident" te vervang.

Kort titel.

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Universiteit van Suid-Afrika, 1964.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR KAAP EN TRANSVAAL DRUKKERS BEPERK, KAAPSTAD—C368.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



No. 13, 1964.]

# ACT

**To amend the University of South Africa Act, 1959.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to* 18*th February*, 1964.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 5 of Act 19 of 1959.

**1.** Section *five* of the University of South Africa Act, 1959 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution in sub-section (2) for the word "Governor-General", wherever it occurs, of the words "State President".

Amendment of section 8 of Act 19 of 1959.

**2.** Section *eight* of the principal Act is hereby amended—

(*a*) by the substitution in paragraph (*a*) of sub-section (1) for the word "Governor-General" of the words "State President";

(*b*) by the substitution in paragraph (*c*) of the said sub-section for the word "Union" of the word "Republic";

(*c*) by the deletion at the end of paragraph (*d*) of the said sub-section of the word "and";

(*d*) by the insertion after paragraph (*d*) of the said sub-section of the following paragraphs:

"(*d*)*bis* two persons appointed by the City Council of Pretoria;

(*d*)*ter* two persons to represent the donors as defined in the statutes to be appointed by the other members of the council or a majority of them at a meeting to be called by the chairman of the council; and";

(*e*) by the substitution in paragraph (*e*) of the said sub-section for the word "Governor-General" of the words "State President"; and

(*f*) by the insertion in sub-section (2) after the word "sub-section", where it occurs for the second time, of the words "or a member of the council appointed in terms of paragraph (*d*)*bis* or (*d*)*ter* of the said sub-section".

Amendment of section 9 of Act 19 of 1959.

**3.** Section *nine* of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (*e*) and in paragraph (*f*) of sub-section (1) for the word "Union" of the word "Republic".

Amendment of section 13 of Act 19 of 1959.

**4.** Section *thirteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution in paragraph (*a*) for the word "Union" of the word "Republic".

Amendment of section 19 of Act 19 of 1959.

**5.** Section *nineteen* of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Governor-General" of the words "State President".

Short title.

**6.** This Act shall be called the University of South Africa Amendment Act, 1964.

PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS LIMITED, CAPE TOWN—C368.